

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

ds. PJ Kriel

Opstanding Sondag

16.04.2017

Inhoud. Christus het die opdrag van God die Vader uitgevoer deur self weer as mens uit die dood op te staan op so wyse dat Hy vandag nog steeds mens is. Soos wat Hy aan sy dissipels gewys het hoe hy mens is na sy dood is Hy vandag nog steeds 'n mens van vleis en bloed. Geloof in Hom as Here is om te glo dat Hy self as mens leef, ons in sy lewe as mens insluit en so ons aan God die Vader in sy liefde laat behoort. Ongeloof in die Here volgens die gees van die antichris is om nie te glo dat die Here vandag mens is van vleis en bloed nie, maar dat Hy gees is. Dit is die ongeloof waarin mense Jesus se lewe geestelik wil beset en besit. Daarom leef hulle in die ongeloof dat Hy in hulle moet opstaan, in hulle moet leef sodat hulle sy lewe vir Hom op aarde kan voortsit. Dit is die ongelowige hart van elke herlewing, oplewing en vernuwing wat die Here se lewe, liefde, waardes, beginsels, krag en Naam wil voortleef. Die Here het self opgestaan en lewe vandag nog steeds om ons in te sluit in wie Hy is sodat ons só aan Hom as God kan behoort.

Skriflesing. 20: 1-9; 19 – 29. 1 Johannes 1: 1: 3; 3: 18 – 4: 6; 5: 20

Teks. Joh. 20: 28 “.En Tomas sê vir Hom: my Here en my God.” en 1 Joh. 1: 3 “Hy is die ware God en die gemeenskap waaraan ons deel het, is die met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.”

Tema. Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie.

1. Christus het sy opdrag van die Vader duidelik bekend gemaak as dat Hy sy lewe moet aflê en weer moet opneem. Christus het nie net hierdie opdrag van die Vader ontvang nie, maar Hy het ook die volmag om hierdie opdrag uit te voer. (Joh. 10: 17)

Wat dit beteken dat Christus die volmag het om sy lewe af te lê en weer op te neem word vir die eerste keer bekend op Paassondag oggend.

Die veroordeling en kruisiging van Christus was so onverwags en vinnig dat daar op die Vrydag nie tyd was om die Here se liggaam soos gebruikelik met kruie en olie te versorg nie. Dit was wat die vroue wou kom doen op die Sondag oggend voor die son nog opgekom het.

Hulle het nie in sy opstanding uit die dood geglo nie. Hulle wou sy lyk kom versorg! Die leë graf laat hulle ook nie in die Here se opstanding glo nie. Hulle hardloop ontsteld na die mans toe en vertel dat die Here se lyk gesteel is en op 'n onbekende plek begrawe is.

Twee apostels het na die graf toe gehardloop, Petrus en Johannes. Johannes was die vinnigste en het eerste by die graf aangekom, maar was te huiwerig om in te

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

gaan. Hy het net gebuk en ingekyk en gesien dat daar nie 'n lyk is nie, net die doeke waarmee die lyk toegedraai was.

Petrus het eerste in die graf ingegaan waarna Johannes hom gevolg het. Toe het hulle Maria Magdalena se berig geglo dat die Here se lyk nie in die graf is nie.

2. Hulle het egter nog steeds nie geglo dat die Here weer lewend as mens uit die dood moes opstaan nie. Dit stel die apostel Johannes uitdruklik deur die woorde: "Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie." (20: 10)

Die evangelie van Lukas stel dit nog baie krasser: ¹⁰ Die vroue was Maria Magdalena en Johanna en Maria die ma van Jakobus. Ook die ander vroue saam met hulle het dieselfde dinge aan die apostels vertel. ¹¹ Maar vir hulle het hierdie verhaal na onsin gelyk en hulle het die vroue nie geglo nie." (Luk. 24)

Die berig van die Here se opstanding uit die dood was vir die dissipels onsin, nonsens. Net so min as wat hulle voor sy dood aan sy kruisiging geglo het as sy opdrag van die Vader, net so min het hulle in sy volmag geglo dat Hy uit die dood kan opstaan.

Die geloof in die opstanding van die Here as mens uit die dood, breek die eerste keer in hulle harte oop met die verskyning van die Here die Sondag aand waarop die graf leeg was.

3. Wanneer die Here tussen hulle verskyn, wys Hy vir hulle sy hande en sy sy. Die Here wys vir hulle die merke van die spykers en die merk van die spiessteek in sy sy.

Hulle sien die Here weer as mens wat lewend is na Hy aan die kruis gesterf het en begrawe was. Dit was nie 'n verskyning van Jesus as 'n gees nie. Hulle het na sy hande en sy sy gekyk Nog minder was dit 'n geestesbeeld van Jesus binne die gemoed of verbeelding van die dissipels.

Dit is waarvan Tomas die dissipels verdink het: hulle het 'n geestesbeeld van Jesus opgemaak en in hulle gemoed vir mekaar van oortuig, terwyl die Here dood is. Tomas se verklaring wys dat hy die ander verdink van waanbeelde oor Jesus en opgemaakte geestesbeelde van Jesus in hulle eie gemoed: "As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."

Tomas sou nooit in geestesbeelde of waanbeelde oor Jesus geglo het nie. 'n Jesus wat binne die gemoed en lewe van mense opstaan, is nie die Here wat Tomas geken het nie. In 'n Here wat as mens gesterf het en weer lewend uit die dood

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

opgestaan het, glo hy net nie in nie. Daar is vir hom nie so mens nie, ook nie Jesus nie.

4. Op die volgende Sondagaand verskyn Jesus dan weer aan sy dissipels.

Hy sê vir Tomas om te doen wat hy verklaar het die enigste manier sal wees waarop hy sal glo dat die Here uit die graf uit lewend weer opgestaan het om te leef as die mens wat gekruisig was en gesterf het.

Die Here sê dit met die oproep om nie meer ongelowig te wees in Christus nie maar om in Christus te glo.

Hy voel aan die merke van die spykers op Jesus se hande en hy voel aan die spiesmerk op Jesus se sy! Met hierdie aanraking aan die Here se menslike liggaam wat gekruisig was en waarmee die Here nou voor hom lewend staan, breek die opstandingsgeloof in Tomas se hart in met die geloofsbelydenis teenoor Jesus Christus: "My Here en my God."

Hierdie geloofsdeurbraak mag ons nie verby gaan nie. Tomas erken en bely openlik Jesus Christus as sy Here en sy God!

Hoekom?

Omdat hy aan Jesus Christus se hande as mens gevat het en die merke van die spykers gevoel het en aan Jesus Christus se sy as mens gevoel het en die merk van die spies in sy sy gevoel het.

Met hierdie aanraking aan die Here wat weer lewendig mens is na Hy aan die kruis gesterf het, erken Hy Jesus as Here en God! Dit is tog iets totaal anders as om net te erken dat hier net 'n mens is wat gesterf het en weer lewend geword het. Hierdie mens wat gekruisig was – is vir Tomas "my Here en my God"!

Dit is die opstandingsgeloof. Die geloof wat die Here self in sy ongelowige dissipels skep deur aan hulle as lewende mens te verskyn.

5. Wat die Here hier met Tomas doen is nie maar net 'n demonstrasie van sy teenwoordige liggaam nie. Hierdie is 'n heilsoomblik! Hier vind gemeenskap plaas. Die inhoud van hierdie gemeenskap in hierdie oomblik kan met twee woorde opgesom word: deel en behoort.

Deur Tomas sy liggaam as mens te wys, sluit Hy Tomas in by wie Hy vir Hom as Christus is. Tomas weet dat die gekruisigde en nou lewende liggaam waaraan hy raak is die Here wie vir Hom veroordeel en gekruisig is.

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

Daarom weet hy ook dat omdat die Here vir hom die veroordeelde en gekruisigde is, Hy aan die Here as God behoort. Hierdie innerlike troos dat ek sonder oordeel en vloek aan God behoort is die gemeenskap wat Christus met Tomas het en Tomas bely in die woorde: my Here en my God.

Christus deel met my wie Hy as mens is sodat ek aan Hom as Here en God kan behoort!

Die apostel verkondig hierdie opstandingsgeloof in 1 Johannes 1 soos volg: “Van die begin af was Hy daar. Ons het Homself gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak ... ³ Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun Jesus Christus.”

Deel en behoort! Christus laat ons deel in wie Hy as mens is sodat ons aan Hom as God in sy liefde kan behoort.

6. Iemand wat dood is, kan nie meer sy lewe met jou deel nie.

’n Gees kan nie sy lewe met ons as mense deel nie. Christus het weer uit die dood uit as mens lewend geword en is vandag nog steeds mens sodat Hy sy lewe as mens met ons kan deel.

Dit is die gemeenskap wat die Here vandag met ons het: Hy laat ons deel in wie Hy vandag as mens is. Daarom word geloof in die Here deur die apostel in 1 Johannes 4 vers 2 soos volg beskryf: “Hiëraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is.”

Hierdie sin se bedoeling is duidelik. Eerstens is die Griekse woord wat hier gebruik word die woord “vleis”. In Afrikaanse beteken dit “van vleis en bloed”. Dit is ook hoe Jesus se geboorte beskryf word in Johannes 1 vers 14: die Woord het vleis en bloed geword, bedoelende ’n mens van vleis en bloed geword. Tweedens lees die Griekse teks ook soos volg: “elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het ...” Jesus is die Christus wat gekom het deur mens te word en mens te wees. Hy het nie mens geword om ’n mens te wees tot en met sy dood en nou is Hy nie meer ’n mens nie. Dan moes geloof in Jesus beteken om te glo Hy was ’n mens gewees, maar geloof is die geloof in Hom dat Hy mens is – die mens wat uit die dood opgestaan het.

Hoekom?

Sodat Hy ons kan insluit en laat deel in wie Hy vandag as mens is. Dit is ons gemeenskap met Hom: Hy deel in ons sonde op so wyse dat Hy vir ons die oordeel

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

en straf gedra het en sluit ons so in in wie Hy is dat ons deel in die onskuld en liefde wie Hy as mens vir die Vader is.

En deur hierdie gemeenskap met die Here, ingesluit en deel van wie Hy as mens is vandag, behoort ons aan Hom as ons Here en ons God.

7. In hierdie gemeenskap met die Here leef ons die ewige lewe met Hom. Want Hy is volgens 1 Joh. 5: 20 die ware God en die ewige lewe. Die lewe wat die Here self as mens leef en met ons deel, is ons ewige lewe!

Hierdie gemeenskap met die Here, Hy laat ons deel in wie Hy as mens vandag is, laat ons deel wees van die nuwe lewenskwaliteit van die ewige lewe: ons kan God en ons naaste liefhê met 'n geruste hart en gewetensrus.

Dit is die karakter van die ewige lewe: dat ons God en ons naaste kan liefhê met 'n geruste hart en 'n geruste gewete. Die woord wat hier met "gewete" vertaal is, is eintlik "hart" in die Grieks. 'n Geruste hart en 'n geruste gewete beteken dat ons nooit deur God weer veroordeel, beskuldig en gestraf sal word vir ons liefde vir God en ons naaste nie.

Daarom wys die apostel dat as jy nog in jou hart en gewete aangekla, beskuldig of veroordeel word oor hoe jy God liefhet, dan is dit net jou gewete. Dit is nie meer God nie. God is groter as jou gewete en God weet dat Hy vir jou in jou plek veroordeel, aangekla en skuldig was. Dit is die gemeenskap wat die lewende Here met jou het.

8. Daarom leef ons die ewige lewe ook volgens die nuwe karakter van God se wet. Die nuwe gebod vir die ewige lewe wat ons leef klink só: "En dit is sy gebod: Ons moet in sy Seun Jesus Christus glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy aan ons gegee het.

Kan u die verskil sien tussen die ou gebod en die nuwe gebod vir die ewige lewe? Die ou gebod sê ons moet liefhê! Die nuwe gebod sê ons moet glo in Christus en liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy aan ons gee.

Die geloof in Christus maak dat ons liefhet in die gewetensrus en harte rus dat God ons nooit vir ons misplaasde, verwronge en gebrekkige liefde ooit sal veroordeel nie. Hy sal ons altyd binne sy volmaakte liefde hou en daarin laat deel. Hy gee altyd sy eerste liefde en heilig ons nie werklike liefde. Dit is ons gemeenskap met die Here wat Homself met ons deel.

Daarom gee en ontvang ons liefde volgens sy wet ook as liefde wat ons weet die Here self nie vir alles wat nie reg is nie, nie veroordeel nie.

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

9. Die verskil tussen gelowig wees en ongelowig wees, gaan oor die geloof in die opstanding van die Here as mens uit die dood om vir altyd mens te wees.

Dit is hoe die Here self die verskil aan die orde stel tussen geloof in Hom en ongeloof in Hom. Wie nie in Hom glo as die Christus wat weer as mens uit die dood opgetaan het om vir altyd mens te wees om ons altyd in te sluit en te laat deel in sy veroordeling en kruisiging nie, is ongelowig!

Wie glo in Christus wat as mens leef en ons insluit in wie Hy as mens vir ons is, is gelowig! Hulle leef in die gemeenskap met die lewende Here wat hulle laat deel in wie Hy vandag vir hulle is.

Wie ingesluit is in wie die Here as veroordeelde, en gestrafte mens is, kan in die geloof die ewige lewe leef: leef met die harte rus en gewetensrus dat hulle oordeelloos, skuldloos en strafloos aan God behoort.

Kan leef met die geloofsbelydenis van Tomas in die opgestane Here: my Here en my God!

10. Die apostel Johannes spreek in sy brief dit aan wat die Here as ongeloof in Hom uitgewys het. Hy noem die onderskeid wat die Here maak tussen geloof en ongeloof, die verskil tussen waarheid van die Heilige Gees en die gees van dwaalleer. (1 Joh. 4: 6) Hierdie gees van dwaalleer en ongeloof in Jesus was nie iets buite die gemeentes nie. Dit was die ongeloof van predikers en mense binne die gemeente. Hy noem dit uitdruklik só en stel: “Hulle het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, ...” (1 Joh. 2: 19)

Wat was hierdie ongeloof in die gemeentes? Dit was ongeloof in die opstanding van Christus as mens uit die dood uit! Dit was die ongeloof van afgodsdiensoos soos die apostel dit in die laaste waarskuwende sin van hierdie brief uitwys: “Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af.”

Daarom stel hy in 4 vers 3 dat elkeen wat nie glo en bely dat Jesus nie gekom het om as Christus mens van vleis en bloed te wees nie, het die gees van die antichris. Hierdie mense binne die gemeentes wou nie meer glo in die liggaamlike opstanding van die Here uit die dood nie op so wyse dat hulle glo dat Christus steeds mens is van vleis en bloed nie. In hulle geestesgemoed is Hy nie die Christus wat mens geword het en steeds vandag mens is nie. In hulle gemoed was Hy ’n mens gewees – maar is Hy vandag gees.

Hierdie is die tipiese geestelikheid van alle afgodsdiensoos. Met hierdie geloof dat Jesus geleef het as mens maar nou net gees is, tree twee nuwe woorde in die plek van die woorde deel en behoort – beset en besit!

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

11. Dit is presies die tipe geestelikheid waarin Petrus nie wou glo dat die Here sy lewe sal aflê en weer opneem nie, maar dat Hy sy eie lewe vir die Here sal aflê. Dit is presies hierdie tipe geestelikheid waarmee die twee dissipels Johannes en Jakobus op pad na Jerusalem toe die Here gevra het dat wanneer hulle in Jerusalem kom en die Here koning word, of hulle aan sy regterkant en linkerkant kan sit.

Hulle wou die Here se opvolgers wees sodat wanneer die Here doodgaan, hulle sy lewe sal voortsit! Hulle sal hulle lewe vir die Here aflê sodat die Here na sy dood deur hulle en ander soos hulle kan voort lewe.

Hulle sal die liefde van die Here, die leerstellings van die Here die waardes en beginsels van die Here, die lewenswyse van die Here hulle eie maak en na Hy dood is en weg is, deur hulle lewe voortsit en voortlewe.

Wanneer hulle dit doen, dan glo hulle hulle leef in die gees en lewe van die Here en die gees en lewe van die Here leef deur hulle – die Here wat dood is en nie self meer mens is nie.

Die Here se gees en lewe sal hulle lewe beset en so sal hulle Jesus besit. Hulle sal sy lewenswyse, sy lewenswaardes, sy liefdevolheid en sy mag, krag en Naam besit! Omdat Jesus dood en weg is, sal hulle sy plek beset en sy gees besit. Deur Jesus se lewe en persoon te beset en te besit, sal Jesus deur hulle voortlewe.

Dit was die nuwe afgodsdienst wat binne die Christelike gemeentes opgestaan het: Jesus het nie self as mens uit die dood opgestaan om self sy eie lewe met mense te deel sodat hulle aan God die Vader se liefde kan behoort nie.

Jesus staan op en leef deur mense wat Jesus se geestelike nalatenskap beset en besit! Jesus staan geestelike as gees binne mense op en leef deur mense wat Hom beset en besit – wat Jesus hulle eiendomlikheid gemaak het.

12. Die apostel Johannes noem hierdie geestelikheid die gees van vals profete en die gees van die antichris.

Dit mag ons nie verby gaan nie. Wie nie glo dat Jesus self op hierdie opstandingssonntag weer as mens lewend uit die graf opgestaan het om vir ewig as mens te leef nie, is volgens die Here se eie woorde ongelowig in Hom. Glo nie in wie Hy as Christus is en wat Hy as Christus doen nie en kan daarom ook nie deel wees van die belydenis van Tomas nie: my Here en my God.

Want die Here het nie gesterf om vir sy dissipels 'n geestelike nalatenskap te los wat hulle moet beset en besit sodat Hy deur hulle voort kan lewe nie. Hy het niks vir ons nagelaat nie. Hy het opgestaan om vandag as mens self te leef en self ons deur die krag van sy godheid in te sluit in en te laat deel in alles wat Hy as mens vandag is:

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

onskuldig gekruisig en veroordeel sodat ons in hierdie lewe vir ewig kan deel – onskuldig voor God die Vader.

Die gees van die antichris wil nie deel wees van wie die Here as mens vandag is nie en wil nie aan God die Vader se liefde behoort nie. Hulle wil Jesus sien as mens wat dood en weg is, net nog 'n gees is, sodat hulle met hulle menslikheid Jesus se lewe kan beset, besit en voortlewe vir en namens Hom. Hulle wil hulle self met Jesus bemagtig!

In hulle moet Hy herleef! Sonder hulle lewe Hy nie meer nie!

13. Dit is die ontdekking wat ons in die Woord van die Here moet maak. Dit wat ons vandag ken as geestelike herlewings, geestelike opwekkings en geestelike vernuwings, is volgens die Woord van God die gees van die antichris.

Hoekom?

Want hulle glo nie in die Here wat vandag self mens is na liggaam, siel en gees nie. In hulle gemoed is Hy net gees. Dit beteken Hy het of nie uit die dood uit opgestaan nie of Hy het net as 'n gees of geestelike gestalte uit die dood uit opgestaan.

Die Here self het dit ongeloof in Hom genoem!

Die gees van die antichris wil nie ingesluit word deur 'n lewende Christus se lewe deur die Here self nie. Hulle wil nie hê die Here moet leef en sy lewe ewig met hulle deel nie. Hulle wil hê dat Hy in hulle lewe sal opstaan en voortlewe. Hulle wil Jesus opwek en in hulle lewend maak. Op Hierdie wyse glo hulle het hulle God se krag en lewe in hulle ontvang – deur dat hulle Jesus se lewe beset en besit.

Dit is onversoenbaar die verskil tussen geloof en ongeloof, tussen die Heilige Gees wat ons insluit en laat deel in Jesus se menswees wat vandag nog steeds die mens is met die merke op sy hande en sy sy en die gees van die antichris.

14. Wat gebeur met die nuwe lewens kwaliteit van gehoorsaamheid aan God se wet binne hierdie geestelikheid wat Jesus in hulle wil laat opstaan en laat voortlewe?

Wat gebeur met die harte rus en gewetensrus waarin gelowiges God se wet gehoorsaam in hulle gemeenskap met die lewe van die Here? Hulle leef met die gewetenloosheid en harteloosheid van 'n wettelose geestelikheid. Ons ken dit vandag as en noem dit vandag “geestelike hoogmoedigheid.”

Wat sal iemand met sy naaste doen as hy so verbintenis met Jesus het: ek het Jesus se persoon en lewe my eie gemaak, ek het dit beset en besit dit nou. Dit is die hart van die geestelikheid wat ons in algemene volkstaal “geestelike hoogmoed”

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

noem. Mense glo hulle beset die nalatenskap van Jesus – sy lewe, sy liefde, sy waardes, sy wysheid, sy menslikheid, sy beginsels en sy geestelike lewe met God. Daarom glo hulle ook dat Jesus in hulle opstaan en in hulle verder leef.

Dit is die geestelike hart van elke geestelike herlewing, oplewing of vernuwing: Jesus kom in ons in, staan in ons lewe op en leef deur ons. Jesus as gees leef sy lewe verder deur ons as mens wat vleis en bloed is.

Ons beset en ons besit en ons leef Jesus!

Hierdie drif om Jesus te beset en te besit en nie te glo Hy leef self sy eie menslike lewe vandag nie, noem die apostel in hoofstuk 2 die sondige wêreld en die liefde vir die dinge van hierdie wêreld. Hierdie drif om te beset en te besit – is die mens se sondige begeerte. (1 Joh. 2:16)

Dit is die lewe wat ons in ons driftigheid met mekaar ook wil leef: beset en beset. Ouers wat kinders se persoon en lewe wil beset en besit en andersom, en dit dan liefde noem! Mans wat vroue wil beset en besit, en andersom, en dit dan ware liefde noem! Werkgewers wat arbeiders wil beset en besit, en andersom, en dit dan liefde noem! Burgers en leiers wat mekaar wil beset en besit en dit liefde noem!

Daarom wil hulle in hierdie driftigheid God ook as God in sy wil, sy persoon, sy lewe en Naam beset en besit. Hulle wil nie glo Jesus is steeds mens om die lewe wat Hy as mens geleef het met ons te deel deur die krag van sy Godheid nie. Hulle wil glo hulle kan sy lewe beset en besit sodat Hy net deur hulle kan voortleef

Die gehoorsaamheid van die nuwe gebod: glo in Christus en wees lief vir mekaar volgens die wet van God, word verdring met hierdie geestelikheid: ons sal mekaar se persoon en lewe beset en besit.

15. Kan u die verskil hoor tussen hierdie geestelike driftigheid met God en mense teenoor wat die Here met ons doen en waartoe Hy ons verbind?

Nie beset en besit nie, maar deel en behoort!

Hy leef steeds as mens wat uit die dood opgestaan het en deel sy lewe met ons sodat ons voor God onskuldig is vir die wyse waarop ons volgens sy wet in gebreke bly om reg en volkome lief te hê. Met 'n geruste hart en geruste gewete toegewy aan die liefde van die wet binne die liefde van Christus as Here.

Hy deel sy lewe met ons sodat ons aan God kan behoort. So kan ons ons lewe ook met ons naaste deel en aan mekaar toebehoort: ouers aan kinders, kinders aan ouers, man aan vrou en vrou aan man.

Christus het opgestaan om sy lewe ewig met ons te deel, Hy leef nie deur ons verder nie

Die driftigheid om God en mense te beset en te besit, is die hart van alle goddeloosheid en afgodsdienste: “ek sal jou persoon en lewe verdring met myne en ek sal jou lewe voortleef as my eie!”

Wat hoor u in hierdie geloofsbelydenis van Tomas: “my Here en my God!

Hoor u dit in die ongeloof van die antichris? Ek het Jesus en wie Hy was my eie gemaak en nou sal ek sy lewe voortleef in en deur my eie lewe!

Of hoor u die opstandingsgeloof in Jesus Christus?

Hy leef vandag as mens van vleis en bloed en laat my deel in die lewe waarin Hy die veroordeelde, vervloekte en skuldige mens was sodat ek vandag met Hom met 'n geruste hart en gewete god kan gehoorsaam! Hy leef en deel wie Hy as mens so met my dat ek aan Sy Vader behoort, Hy die enigste Seun van God die Vader, self God!

Gelukkig is hulle wat nie sien soos Tomas gesien het nie en in die opgestane Here glo: my Here en my God!